IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA 70/85

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

ELIJAH MOLOANTOA .................. Appellant

EN

DIE STAAT ....................... Respondent

Coram: CILLIé, HOEXTER et VAN HEERDEN, ARR

Verhoor: 24 Mei 1985

Gelewer: 29 Mei 1985

---

U I T S P R A A K

CILLIé, AR :

Teen ongeveer nege-uur op Saterdagaand, 10 Maart 1984, het die appellant sy ma in die voorkamer van haar huis met 'n handbyl doodgeslaan. Hy is sowat vyf

maande .... / 2

maande later in die Transvaalse Afdeling van die Hooggeregshof (Westelike Rondgang) skuldig bevind aan moord sonder versagtende omstandighede. Hy is gevolglik ter dood veroordeel. Met verlof van hierdie Hof kom hy nou in hoër beroep teen die verhoorhof se beslissing dat daar geen versagtende omstandighede was nie en teen die straf wat hom opgelê is.

Die vernaamste feite van die saak kan kortliks soos volg saamgevat word. Die oorledene het in die distrik van Oberholzer op Khutsong naby Carletonville gewoon in 'n huis wat haar oorlede man vir haar laat bou het. Daar naby is ook vier sinkhutte vir die appellant en sy drie broers opgerig. Die appellant het nie in sy hut langs sy ma se huis gewoon nie; hy het sy intrek geneem by sy minnares wat op die perseel van haar werkgewer in Carletonville gewoon het.

Daar was blykbaar nog van die appellant se meubels in die hut. Op die betrokke aand het hy by sy ma gaan kuier. Hy is eers na sy hut toe en vind daar dat sy ma dit aan vreemdelinge verhuur het. Hy gaan toe na die huis toe om die aangeleentheid met sy ma te bespreek. Sy het besoekers gehad en hulle het om die eetkamertafel gesit en gesels. Twee van die gaste, Mateu Chambale en Albino Mashaba, het later by die verhoor getuig. Volgens dié twee se getuienis het 'n woordewisselling tussen ma en seun ontstaan. Die appellant het sy ma uitgevloek en onder andere gesê dat sy 'n prostituut was en sy huis aan 'n prostituut verhuur het. Die twee getuies het volgehou dat die ma nie gedurende die stryery gevloek het nie; sy het wel haar optrede ten opsigte van die verhuring geregverdig. Naderhand het die appellant uitgestap by die deur wat na die

kombuis lei maar dadelik weer teruggekom met 'n handbyl in sy hand. Hy het gesê:

> "Ma, jy is 'n prostituut. Vandag gaan ek jou doodmaak."

Hy het toe die byl in albei hande geneem en sy ma wat nog op haar stoel gesit het, oor die kop geslaan. Sy het op die vloer geval en hy het haar nog 'n hou teen die kop toegedien. Sy het, soos bevestig deur 'n nadoodse ondersoek, feitlik onmiddellik gesterf as gevolg van skedelbreuk en breinbloeding. Die appellant het hom na die aanval uit die voete gemaak maar homself die volgende dag aan die polisie oorgegee. Hy het ook 'n bekentenis afgelê.

Die aangeleentheid wat hierdie Hof moet ondersoek, is of, in die lig van die toepaslike toetse, die verhoorhof verkeerdelik beslis het dat daar geen

versagtende .... / 5

versagtende omstandighede was nie. Die eerste omstandigheid wat oorweeg moet word, is soos volg in die appellant se petisie om verlof om te appelleer, uiteengesit: "dat hy deur gemoedsbeweging en toorn geestelik beïnvloed was om die misdryf te begaan, wat die blaamwaardigheid daarvan verminder." Die toorn sou ontstaan het as gevolg van provokasie deur die oorledene; daar is betoog dat hy deur die woordetwis met sy ma buite homself van woede geraak het.

In hierdie verband is die eerste vraag of die appellant se woede en die beïnvloeding daarvan werklik so groot was dat hy homself en sy dade glad nie of slegs met moeite kon beheer. Die vraag is aan die twee genoemde staatsgetuies gestel. Chambale het geantwoord:

> "Wel, ek het nie opgelet dat hy baie kwaad was nie, want hy het ook 'n bietjie geglimlag terwyl hy so

gevloek .... / 6

gevloek het."

Mashaba so antwoord op die vraag was:

> "Ek sal nie sê hy was baie kwaad gewees nie ... hy het ook gelag intussentyd, dit is hoekom ek sê hy was nie kwaad nie."

Uit hierdie antwoorde kan afgelei word dat die appellant die felheid van sy woede oordryf het.

Met betrekking tot die moontlike provokasie deur die oorledene is dit, eerstens, nie duidelik hoe sy ma hom sou uitgetart het nie. Volgens die getuies het hy haar liederlik uitgevloek terwyl sy nooit teruggevloek het nie. Ten tweede was die oorledene se optrede ten opsigte van die verhuring van appellant se hut billik en haar houding blykbaar bedaard.

Die appellant het verskeie redes vir sy toorn

genoem. Hier volg sommige van hulle. Hy sê sy ma het met hom geraas omdat hy die mense wat in sy hut gewoon het,gepla het. Dit word nie deur die getuies bevestig nie. ŉ Ander uitlating was die volgende:

> "Wat my eintlik kwaad gemaak het was toe my moeder vir my gesê het daardie mense help haar met hierdie R20, dat hulle betaal haar, want ek het toe vir haar gesê dit is vir my baie verbasend want al hierdie jare leef ek saam met haar en wanneer ek my salaris ontvang gee ek vir u ook geld. Nou beskou u my as ŉ vreemdeling bo hierdie mense wat van Lesotho af kom ... Ja, dit is wat my baie kwaad gemaak het."

Hy sê egter ook:

> "Maar ek het baie kwaad geword toe my moeder vir my daardie tyd van die aand gesê het ek moet my goedjies daar gaan pak en die perseel onmiddellik verlaat."

Hierdie insidente het almal voorgekom, volgens sy getuienis,

voordat .... / 8

voordat hy na die kombuis toe gegaan het. Hy het getuig dat hy nie kombuis toe gegaan het met die doel om die byl vir 'n aanval te gaan haal nie, maar dat hy van plan was om die huis te verlaat. Hy verklaar:

> "Maar by die kombuis aangekom toe ek hierdie byl langs die stoof sien en toe dink ek weer terug en toe word ek baie kwaad. Ek neem toe die byl en ek gaan terug."

Die appellant se getuienis oor wanneer en hoe sy onbedwonge woede ontstaan het is onoortuigend. Die volgende twee verwante aangeleenthede moet nie uit die oog verloor word nie. Ten eerste het die appellant geweet dat sy ma sy hut verhuur; hy verklaar dat hy en sy ma inderdaad ooreengekom het dat, aangesien hy op die dorp slaap, sy die hut aan mense kon verhuur. Ten tweede sê hy dat toe hy in die kombuis

kom .... / 9

kom en hy weer aan alles gedink het, sy "kop donker" geword het of alles voor hom "donker" geword het en hy nie wis hoekom hy die byl opgetel het nie. Sy aandag is daarop gevestig dat hy in sy bekentenis drie dae na die moord geen melding van sy kop wat "donker" geword het, gemaak het nie. Sy verduideliking was dat toe hy later in die tronkselle oor die aangeleentheid gedink het, hy nie kon begryp waarom hy sy ma doodgeslaan het nie; toe het hy afgelei dat sy kop "donker" moes geword het. My mening is dat hierdie ontembare woede, indien dit ooit voorgekom het, nie regverdigbaar is nie en nie kan dien as 'n omstandigheid wat die appellant se morele blaam enigsins kan verminder nie.

Die tweede versagtende omstandigheid wat aan die Hof voorgehou is, is dat dit 'n impulsiewe doodslag was

wat die appellant nie vooraf beplan het nie. Daar is weliswaar geen direkte getuienis van enige beplanning nie maar die daad was klaarblyklik nie impulsief nie. Nadat die groot woede hom sou oorval het, het hy die byl gevat en sy slagoffer in 'n ander kamer gaan opsoek. Volgens die getuies sê hy vir haar dat sy 'n prostituut is en dat hy haar nou gaan doodmaak. Daar was vir hom genoeg tyd en geleentheid om van so'n gruweldaad af te sien al het die begeerte om haar te vermoor hom dan ook in die kombuis eers oorval. Na my mening kan hierdie omstandighede nie versagtend wees nie.

Ten slotte moet die omstandighede wat reeds behandel is en al die ander aangeleenthede in die saak wat op moontlike versagting mag dui, saam in oënskou geneem word om vas te stel of daar nie inderdaad tog versagtende omstandig-

hede bestaan het wat die appellant beïnvloed het en wat sy morele blaam mag verminder nie. Na oorweging van die geheelbeeld is ek egter oortuig dat die verhoorhof se bevinding dat daar geen versagtende omstandighede was nie, korrek is. Hierdie Hof kan derhalwe nie ingryp nie en die appèl kan nie slaag nie.

Die appèl word afgewys.

P.M. CILLIé, AR

HOEXTER AR )
VAN HEERDEN AR ) stem saam